Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 05 • SEPTEMBER / OCTOBER 2021



## MANAGING CRISES THROUGH PUBLIC RELATIONS: LAPSE IN ANTI-DUMPING DUTIES

## SANDVELD-KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2020/2021

Empangeni farmers get the know-how

Span weerdata in vir besproeiingskedulering

Kultivars wat op varsproduktemarkte presteer

# Vergelyk jou weeklikse markpryse met ander produsente s'n

Deur Janó Bezuidenhout, Aartappels SA

Die Inligtingsafdeling by Aartappels Suid-Afrika (ASA) het 'n projek van stapel gestuur om produsente in staat te stel om hul gemiddelde weekpryse per kultivar, met dié van produsente in dieselfde streek te kan vergelyk.

Die projek is geloods tydens die Oos-Vrystaat se bemarkingseisoen en is reeds na ander streke uitgerol. Tans word Johannesburg-, Durban- en Tshwane-markte se data verwerk. Hierdie data word per mark uitgebeeld en dan ook per kultivar (Mondial, Sifra en Lanorma).

Produsente gee skriftelik toestemming dat ASA hul prysdata by markte mag trek. Hierdie inligting word vertroulik hanteer en 'n nommer vir die seisoen word aan elke medewerker toegeken. Die produsent ontvang dan op 'n weeklikse basis die grafieke via WhatsApp.

## Uitbeelding van data


*Figuur 1* bied 'n voorbeeld van hoe hierdie data uitgebeeld word. Hierdie figuur bied 'n oorsig van Johannesburg-mark se Mondial-prysdata vir die week geëindig 4 September 2020.

Om die grafiek te verduidelik, word medewerker 'Streek 2 – 27' se data gebruik en in die groen blok aangedui. Die blou staaf dui die produsent se gemiddelde weekprys van R69.82 vir 'n Klas 1 Mondial Groot 10 kg-sakkie aan. Die klein blou vierkant met die syfer 2 413, dui aan hoeveel Mondial Groot 10 kg-sakkies die produsent tydens die spesifieke week verkoop het, nadat al sy verpakkings omgeskakel is na 10 kg-sakkies.

Die swart staaf en klein swart vierkant (2 779) dui die medewerker se gemiddelde weekprys en aantal verkope van sy Mondial Groot Medium, Klas 1, 10 kg-sakkie aan. Die rooi staaf en klein rooi vierkant dui die medewerker se medium-grootte sakkies se data aan. Daar word daar ook weekliks vir Sifra en Lanorma figure opgestel.

Produsente kan dus hul eie prysdata teen ander produsente in hul eie streek s'n, en ook teen ander streke se medewerkers s'n vergelyk. Die syfer heel links is die mark se gemiddelde weekpryse.

**Figuur 1: Voorstelling van data-uitbeelding van weeklikse markprysvergelykings: Johannesburg-mark, Mondial Klas 1, week geëindig 4 September 2020.**




Indien produsente belangstel om deel te neem aan hierdie projek, kan hulle een van die volgende ASA-personeellede skakel: Janó Bezuidenhout by epos jano@potatoes.co.za of sel. 083 287 9009 of FP Coetzee by epos fp@potatoes.co.za of sel. 071 606 9675.